

# VERSEKERING VIR JOU EN JOU BESIGHEID

## Jou **intreegids**

**INSURE**

**DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG**

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure.
Old Mutual Insure Limited is 'n gelisensieërde FDV en Nie-Lewens Versekeraar.

# WELKOM

**multisure bied dekking vir jou en jou besigheid** wanneer daar iets onverwags plaasvind, byvoorbeeld:

- as daar 'n brand, oorstroming of diefstal by jou besigheid plaasvind
- as jou motor in 'n ongeluk is
- as daar geld van jou besigheid gesteel word,
- as jou besigheid aanspreeklik is vir skade wat aan iemand anders berokken is.

**Hierdie intreegids** bied 'n algemene oorsig van wat jy in jou polis kan verwag, en waar jy dit kan vind.



! **Dit is jou verantwoordelikheid** om jou polis bewoording te lees en seker te maak dat jy dit verstaan. Hierdie intreegids vervang nie die bewoording van jou polis nie, maar dien bloot as 'n vertrekpunt.

# 1. GAAN JOU BYLAE NA

Jou polis se bylae is 'n dokument wat die voordele wat jy gekoop het aan jou verduidelik.

**Gebruik jou polis se bylae om die volgende na te gaan:**

- jou naam en adres
- watter voordele jy gekoop het
- die bedrag waarvoor jy verseker is (versekerde waardes en beperkings),
- jou bybetalings



Lees jou polis se bylae.



**Wenk** **Oorweeg dit om jou eiendom vir sy volle vervangingswaarde te verseker.** As jy dit nie doen nie, kan jy moontlik slegs 'n uitbetaling wat gebaseer is op die gedeelte wat jy wel verseker het, ontvang. Dit staan as "eweredigheid" bekend. Eweredigheid is nie op elke voordeel van toepassing nie.

Byvoorbeeld: Die vervangingswaarde van Sarah se rekenaar is R60 000.

- Sarah verseker die rekenaar vir R30 000.
- Dit is die helfte (50%) van die koste om die rekenaar te vervang.
- Die rekenaar word beskadig, en dit sal R10 000 kos om dit te herstel.
- Ons sal die helfte (50%) van die herstelkoste betaal, dit wil sê:

50% van R10 000 = R5 000 minus enige bybetalings waarvoor Sarah verantwoordelik is.

# 2. KYK NA DIE ALLEDAAGSE VOORBEELDE

In hierdie gedeelte gee ons vir jou:

- 'n paar voorbeelde van gebeure wat tot eise gelei het (wat het gebeur)
- voorbeelde van voorwaardes wat op die eise van toepassing is
- die name van die voordeelafdelings wat jy sal moet lees om al die besonderhede te kry, insluitend die ander voorwaardes, uitsonderings en beperkings wat van toepassing is.

## Motorongeluk

Byvoorbeeld: Iemand het in my motor vasgery.

Jou motor moet padwaardig wees sodat dit verseker kan word. Alle ligte moet byvoorbeeld werk, en dit sluit die remligte en agterligte in.

Jy moet die insident so gou as moontlik aan ons rapporteer. Jy moet ook 'n motorongeluk aan die polisie rapporteer.

Ons sal in die volgende gevalle nie jou eise oorweeg nie:
- as jy onder die invloed van alkohol of dwelms bestuur het
- as die motor vir 'n ander doel gebruik is as waarvoor dit verseker is
- as u die spoedgrens oorskry of deur 'n rooi verkeerslig ry.

Sien die afdeling vir **Motors**

## 'n Motorongeluk wat deur een van jou werknemers by die werk veroorsaak is

Byvoorbeeld: Ons maatskappy se vurkhyserbestuurder het die vurkhyser in 'n kliënt se motor wat op ons perseel geparkeer was, vasgery.

Ons verseker slegs dit waarvoor jy aanspreeklik gehou kan word om te betaal.

Jy moet die insident so gou as moontlik aan ons rapporteer.

Maak seker of jy voordele het vir Gemeenregtelike aanspreekliheid of Breë gemeenregtelike aanspreeklikheid. Gemeenregtelike aanspreeklikheid bied dekking as jy regtens aanspreeklik is vir verlies of skade aan ander mense, mits die verlies of skade deur 'n ongeluk veroorsaak is. Breë gemeenregtelike aanspreeklikheid bied dekking al is die verlies of skade nie deur 'n ongeluk veroorsaak nie.

Sien die afdeling vir **Gemeenregtelike aanspreeklikheid**
Sien die afdeling vir **Breë gemeenregtelike aanspreeklikheid**

vervolg

Algemene voorbeelde
(vervolg)

## ’n Werknemer word by die werk beseer

Byvoorbeeld: Die afleweraar vir ons maatskappy het by ’n stel trappe afgeval terwyl hy goedere afgelewer het en sy been gebreek. Dek die polis sy mediese onkoste?

Jy moet die insident so gou as moontlik aan ons rapporteer. Die werknemer moes die besering opgedoen het terwyl hy werk vir jou gedoen het.

**Wenk** Voordat jy teen hierdie polis kan eis, moet jou werkneer teen die Vergoedingsfonds eis (in terme van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en-siektes).

Werkgewersaanspreeklikheid is ’n soort versekering wat vir jou dekking bied teen eise vir die besering of sterfte van werknemers wat plaasvind terwyl hulle in jou diens is. Jy het slegs dekking indien jy regtens aanspreeklik is vir die besering of sterfte.

Sien die afdeling vir **Werkgewersaanspreeklikheid.** Verwys ook na die afdeling vir die Groep persoonlike ongevalle en die afdeling vir Aangegewe voordele vir die besering of sterfte van werknemers wat deur ’n ongeluk veroorsaak is waarvoor jy nie regtens aanspreeklik is nie.

## Jou eiendom word deur oorstroming beskadig

Byvoorbeeld: Die motor van my drukpers het as gevolg van oorstroming gaan staan.

Die motor moes fisiese skade gely het.

Sien die afdeling vir **Brand** (dit word nie onder Onklaarraking van masjinerie gedek nie)

## ’n Oorstroming beskadig geld of boeke

Byvoorbeeld: Ons rekeningboeke is beskadig toe die kantoor oorstroom het.

Hou jou debiteureboek op datum. Jy moet ’n ondertekende verklaring wat jou rekeninge se uitstaande bedrae vir elke maand uiteensit vir ons stuur. Ons moet die verklaring binne 60 dae vanaf die einde van elke maand ontvang.

Sien die afdeling vir **Rekenings ontvangbaar,** onder Klousules uitbreidings en beperkings: verklaringsklousule

vervolg

Algemene voorbeelde
(vervolg)

## 'n Rekenaar word gesteel

Byvoorbeeld: My rekenaar is uit my motor gesteel.

Die rekenaar moes in 'n motor gewees het wat toegemaak en gesluit was.

Daar moet bewyse van kragdadige toegang wees.

Sien die afdeling vir **Elektroniese toerusting**

## Voorraad word gesteel

Byvoorbeeld: Voorraad is by my besigheidsperseel gesteel.

Die diefstal moes vanuit 'n gebou plaasgevind het, nie van buite 'n gebou nie. Daar moet bewyse wees van kragdadige en gewelddadige toegang of uitgang. Indien ons dit vereis, moet jy bewys dat jy 'n diefalarmstelsel in 'n werkende toestand het, en dat die alarmstelsel aangeskakel was toe die diefstal plaasgevind het.

Sien die afdeling vir **Diefstal,** in besonder die woordomskrwing en diefalarmwaarborg

## Geld word gesteel

Byvoorbeeld: Geld is uit 'n geslote kluis in ons kantore gesteel.

Die beperking vir die uitbetaling hang af van die gradering wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) aan die kluis toegeken is. As jy meer geld in die kluis bewaar het as wat die gradering toelaat, sal jy nie dekking vir die ekstra geld hê nie.

Sien die afdeling vir **Geld**

## Weerlig

Weerlig het 'n kragstuwing veroorsaak wat ons kragpunte beskadig het.

Daar is 'n beperking van toepassing indien die kragstuwing nie direk deur weerlig veroorsaak is nie.

Sien die afdeling vir **Geboue omvattend**

## Kwaadwillige beskadiging

Byvoorbeeld: Iemand het my fabriek kwaadwillig beskadig.

Ten minste van die gebou moet bewoon wees. Indien die gebou vir 45 opeenvolgende dae of meer onbewoon is, is dit jou verantwoordelikheid om 20% van die koste van die skade te betaal. Daar kan beperkings op die uitbetaling van toepassing wees.

Opeenvolgende dae is dae waar die een dag op die ander volg, insluitend Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae. Dus verwys dit nie net na besigheidsdae nie.

Sien die afdeling vir **Brand,** in besonder kwaadwillige beskadiging

# 3. ALGEMENE VOORWAARDES

Hierdie **algemene uitsonderings, bepalings en voorwaardes** is op die hele polis van toepassing.

**Onthou dat** jou versekeringspolis 'n kontrak tussen jou en ons is.

**Jy stem** in om jou premies op datum te hou en om aan die vereistes van hierdie polis te voldoen.

**Ons stem** in om jou te vergoed vir alle geldige eise wat jy teen hierdie polis maak.

**WAT JY BETAAL**
Premies

- In hierdie afdeling verduidelik ons die bedrae wat jy maandeliks moet betaal, en wat sal gebeur as jy nie betyds betaal nie.

**WANNEER 'N EIS SUKSESVOL IS**
Vergoeding

- Ons besluit hoe ons jou sal vergoed:
  - ons kan uitbetaal, vervang of herstel,
  - ons kan ook derde partye vergoed indien jy aanspreeklik is.

**EISE EN VRAE**

- Volg altyd die eisproses noukeurig.
  – Stuur 'n e-pos na **service@ominsure.co.za**
  – Skakel **0860 22 55 63**

**ALGEMENE UITSONDERINGS**

- Daar is ander belangrike algemene voorwaardes, byvoorbeeld:
  - hoe ons jou persoonlike inligting deel,
  - wanneer hierdie polis eindig.

**WAT ONS NIE DEK NIE**
Algemene uitsonderings

- Onluste en betogings (dit kan moontlik deur die Sasria-polis gedek word).
- Bedrog
- Verliese wat deur die versuim van enige rekenaar om enige datum te herken of om data te stoor weens programfoute of 'n rekenaarvirus veroorsaak is, kernkragaktiwiteite, asbes, konfisk
- Ander uitsonderings sluit die volgende in: ering, beslaglegging, verbeuring en sanksies.

**Die inligting wat u vir ons gee**, vorm ook deel van die kontrak tussen jy en ons, insluitend wanneer jy aansoek doen en wanneer jy eis. Maak seker dat die inligting wat jy vir ons gee waar en volledig is.

# 4. SPESIFIEKE VOORWAARDES

Spesifieke voorwaardes is van toepassing op die voordele wat jy gekoop het.
In elke voordeelafdeling sal jy die **spesifieke voorwaardes vir daardie voordeel kry.**

**KERNBEGRIPPE**
Woordoms-krywings

- Woordomskrywings lig jou in oor die kernbegrippe wat op ŉ voordeel van toepassing is.
  **Byvoorbeeld**, vir die Motorvoordeel kan jy uitvind wat die waarde is waarvoor jy jou motor kan verseker. Die kernbegrip (of woordomskrywing) vir hierdie waarde is "redelike kleinhandelswaarde".

**EKSTRA DEKKING**
Outomatiese uitbreidings

- Jy hoef nie ekstra te betaal vir outomatiese uitbreidings nie.
  Jy hoef **byvoorbeeld** onder die Sake-onderbrekingsvoordeel niks ekstra te betaal vir die outomatiese uitbreiding wat dekking bied vir verlies weens skade aan eiendom by ŉ kontrakterrein nie.

**WAARVOOR JY GEDEK WORD**

- In hierdie gedeelte verduidelik ons waarvoor jy gedek sal wees met die voordeel.
  Jy kan **byvoorbeeld** dekking hê vir brande, oorstromings, ongelukke en diefstal. Die gebeurtenisse waarvoor jy dekking het, word dikwels "omskrewe gebeurtenisse" of "omskrewe omstandighede" genoem.

**EKSTRA DEKKING**
Opsionele uitbreidings

- Jy betaal ekstra vir opsionele uitbreidings.
  **Byvoorbeeld,** onder die Motorvoordeel, kan jy kies of jy wil betaal vir ñ uitbreiding om ñ motor te huur na ñ ongeluk of diefstal.

**WANNEER JY DEKKING HET**
Voorwaardes

- In hierdie gedeelte verduidelik ons wat die voorwaardes is vir jou dekking om geldig te wees.
  **Byvoorbeeld,** onder die Motorvoordeel moet jou motor padwaardig wees om enigsins verseker te word.

**SPESIFIEKE UITSONDERINGS**
Wanneer jy nie dekking het nie

- In hierdie gedeelte verduidelik ons wanneer ons nie dekking vir ŉ spesifieke voordeel bied nie.
  **Byvoorbeeld,** jy sal nie deur die Persoonlike-ongevalle voordeel gedek word vir ongelukke wat gebeur wanneer jy berg klim of aan ander gevaarlike sportsoorte deelneem nie.


# 5. BEHEER JOU PREMIES

## Wat sal gebeur wanneer ons nie jou premie betyds ontvang nie?

Tydens die **eerste maand van jou versekering** sal jou polis nie in werking tree nie.

**Ná die eerste maand van jou versekering** sal jy 30 ekstra dae hê om te betaal (dit staan as 'n grasietydperk bekend). Ná 30 dae sal ons jou debietorder twee keer verwerk – een keer vir die maand waarvoor jy die betaling gemis het, en nog 'n keer vir die huidige maand:

- As ons jou premies kan verhaal, sal jou polis geldig bly.
- As ons steeds nie jou premies kan verhaal nie, sal jou polis eindig. Jy sal slegs dekking hê vir die maande waarvoor ons wel premies ontvang het. Jy sal nie 'n terugbetaling ontvang wanneer jou polis eindig nie.




**Betaal jou premie elke maand** teen die 3de, 6de of 12de dag van die maand (jy kan self kies op watter een van hierdie dae jy wil betaal).

# 6. HOE OM TE EIS

- **Rapporteer altyd** motorongelukke en misdade aan die polisie.
- **Kontak ons** om 'n eis in te dien. Gee ons enige inligting waarvoor ons vra.
- **Laat ons** weet as jy regstappe wil neem.

Skakel ons by
**0860 22 55 63**

E-pos ons
**service@ominsure.co.za**

**Kontakbesonderhede in geval van nood:**
Skakel 0860 247 365 of +27 11 556 7072 (indien jy in die buiteland is).

**Vir komplimente of klagtes:**
e-pos ons in verband met komplimente of klagtes by compliments@ominsure.co.za of complaints@ominsure.co.za

**Hoofkantoor:**
Skakel +27 (0)11 374 9111

Old Mutual Insure
Wanooka Place
St Andrews Road
Parktown
Johannesburg, 2193

**Meer kontakbesonderhede** is op ons webwerf beskikbaar by oldmutual.co.za/insure/contact-us

**Let wel:** In die geval van regstappe stem jy in dat ons:

- regstappe namens jou mag neem
- regstappe namens jou mag verdedig
- enige eise of geregtelike prosesse namens jou mag afhandel.

In wetgewing staan dit as subrogasie bekend.

**Jy moet:**

- probeer om verdere verlies te vermy, en
- ons help om die eiendom weer in besit te neem nadat ons jou vergoed het.